LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 2 / 2017
24 JANUARIE 2017

Geagte ouers en personeel,

Met die eerste skooldag het ons gesels oor mense se drome vir die jaar en ook vir ons elkeen se lewe.

Hier is ‘n verkorte weergawe van die opening wat uit die skrifgedeelte Hebreërs 12 vers 1 tot 3 gedoen is:

- Kliek op skakel oor Derek Redmond by 1992 Olimpiese spele in Barcelona https://youtu.be/t2G8KVzTwfw
- Sy droom was om die finaal te wen maar hy en sy pa het ‘n groter droom gehad om ten spyte van terugslae klaar te maak met iets wat jy begin het.
- Net soos hierdie atleet het ons almal drome vir hierdie jaar.
- Om baie goed te presteer op watter gebied ook al: Skoolwerk, sportgebied en kultuurgebied, óf by die huis.
- Dit kan heel moontlik wees dat jou droom hierdie jaar waar word dan is ons bly en moet ons die Here loof en prys daarvoor.
- Dan is jy soos die atleet wat heel eerste oor die wenstreep gehardloop het. Dit is dan maklik om jou oog op Jesus te hou.
- Wanneer word ons ogies van ons droom afgehaal?
- Wanneer dinge in ons lewe gebeur wat maak dat ons drome nie waar kan word nie. Dit is dan soos Derek se storie.
- Goeie nuus! In ons lewe is daar ook Iemand wat by ons inhaak en ons oor die wenpaal dra. Dit is Jesus wat by ons inhaak en wat maak dat ons oë gerig is op ons Droom.
- Ons droom as gelowiges moet wees om soos Jesus te wees wat terug na God toe is om in die Hemel by Hom te wees.
- Ons gebed is dat elkeen se drome in 2017 waar sal word

PERSONALIA

CLEMENS PRETORIUS

Dit is met groot hartseer dat ons moet aankondig van Clemens se bedanking. Hy het ‘n aanbod by ‘n privaat maatskappy gekry wat spesialiseer in waterbestuur. Die finansiële aanbod wat aan hom gebied is, is baie goed en het hy besluit dat dit die beste vir hom en sy gesin sou wees om die aanbod te aanvaar. Ons beste wense vergesel hom op sy nuwe lewensreis en dat die Here hom sal seën op sy pad vorentoe.

AKADEMIE

OUERAANDE

Volgende week vind ons eerste oueraande plaas en is dit vir ons as personeel baie belangrik dat elke ouer hierdie inligtingsaande sal bywoon. Ouers kan die volgende verwag rondom die inligtingsaande.

Sien ook formele uitnodiging aangeheg aan hierdie nuusbrief:

- Graad 1: 30 Januarie
  - ✓ Ouers kom om 18:30 in die saal bymekaar vir ‘n kort bespreking. Daarna verdaag ouers na die onderskeie gr 1 klasse, waar die onderwyseresse verdere belangrike aspekte sal bespreek.

- Graad 2 tot 7
  - ✓ Ouers kom om 18:30 kortliks in die saal bymekaar en daarna verdaag ons na die personeel se klasse.

- Graad 4 en nuwe leerders
  - ✓ Gr 4 en nuwe leerders se Inligtingsaand is uiters belangrik vir elke ouer om by te woon. Die werkswyse en hele aanslag van die fase word hier bespreek , verduidelik en deurgegee. U as ouer sal ingelig moet wees om u kind optimaal te kan bystaan en ondersteun. Ons sien uit daarna om die werkswyse met ons ouers te bespreek.

BOEKSKENKINGS AAN DIE MEDIASENTRUM

Vir Leeuwenhof se bibliotekaresse, me Elize van Wyk, was die eerste skooldag vol vele verrassings. Twee Graad 7 leerders, Cézanne Britz en Almarie Stoltz het die nuwe skooljaar met ‘n knal laat afskop deur elkeen ‘n fantastiese boekskenking aan die mediasentrum te maak.

Die boeke is van hoogstaande gehalte en onder andere van die gewildste reekse soos *The Dork Diaries, Diary of a Wimpy Kid, Thomas.net* en *Nancy Drew*-reekse. Beide dogters het

in die verlede reeds talle boeke geskenk en soos die gebruik by Leeuwenhof is, sal daar ‘n skenkingsplakker met hul naam en jaartal daarop voor in elke boek aangebring word.

Me Van Wyk wil hiermee ook Leeuwenhof se groothartige ouers bedank vir elke boek wat deur hulle geskenk word. Dit word opreg waardeer en dra by tot die hoogstaande gehalte van dié fasiliteit wat intensief gebruik word en wat lewenslank leerders se kennis uitbrei en ‘n liefde vir lees skep.

BOEKVERKOPINGS TYDENS INLIGTINGSAANDE
Leeuwenhof boekliefhebbers word uitgenooi na die gebruiklike inligtingsaand-boekverkope in die Laerskoolsaal se voorportaal op 30 en 31 Januarie 2017. Die verkope sal vanaf ongeveer 10 uur in die oggende afskop en sal duur totdat die inligtingsaande in aanvang geneem het.

Die maatskappy wat die boekverkope hanteer, is ***Travelling Bookshop*.** Hulle verkoop dikwels boeke by skole en het 'n wye verskeidenheid baie bekostigbare Afrikaanse en Engelse storie- en feiteboeke. U kan kontant betaal óf met 'n debiet/kredietkaart. Daar sal ongeveer 6 tafels met boeke wees om van te kies.

Leeuwenhof se ouers het in die verlede by soortgelyke boekverkopings ook ‘n boek namens hul kind aan die mediasentrum geskenk. Ons wil hier van die geleentheid gebruik maak om te sê hoe opreg dit waardeer word en ons dankbaarheid uitspreek dat u gehelp het om ons mediasentrum uit te bou tot ‘n spogplek van sy soort, bo dié van menige ander skole. Om dus hierdie tradisie voort te sit, sal daar ook ‘n tafel met vooraf uitgesoekte boeke wees waaruit ouers kan kies indien hulle graag so ‘n skenking wil maak. Die leerder se naam sal dan voor in die geskenkte boek aangebring word op 'n pragtige kleurvolle skenkingsplakker.

Leerders sal reeds vanaf Maandag 30 Januarie gedurende beide pouses, asook na skool, na die boeke kan kyk en koop.

Kom asseblief bietjie vroeër en geniet ons boekefees!

SPORT

ATLETIEK: INTERHUIS
Ons het Vrydag geskiedenis gemaak deur die Laer –en Hoërskool se Interhuise by Germiston stadion aan te bied. Dit was lekker om oor en weer te kyk na albei skole se atlete wat pragtige talente op die atletiekbaan ten toon gestel het.

MOONTLIKE BYEENKOMS: 1 FEBRUARIE
Ouers van atlete moet asseblief kennis neem dat hier geen byeenkoms gaan plaasvind nie

KULTUUR

SENIORKOOR: KOORKAMP
Leeuwenhof se koorkamp was ‘n reuse sukses. Ons het geweldig baie pret gehad saam met meneer Anton Pottas, ons dirigent. Nie net het hy ons lekker laat lag nie, maar hy het ‘n liefde vir musiek in elke Leeutjie wakker gemaak. Ons kampterrein, Erfdeel, se fasiliteite was werklik van hoogstaande gehalte en ons het gesmul aan die lekker kos. Harde oefensessies het gou gewys dat ons ‘n koor van formaat gaan hê in 2017.Ons optrede

voor ons ouers die Sondag voor ons vertrek het huistoe was pragtig. Ons sien uit na ‘n heerlike jaar as ambassadeurs van ons skool.

LEIEROPLEIDING: GRAAD 7

Eerskomende Vrydagmiddag 27 Januarie 2017, is die Gr 7’s se leiersopleiding. Die opleiding vind plaas om 14h00 in die media waar daar ’n kort inleiding oor ons verwagtinge van die jaar gaan bespreek. Pligte en komitees gaan deeglik met leiers deurgegaan word.

Om 16h00 is daar ’n kort inligtingsessie in die Laerskool saal vir ons leiers se ouers om ons as leiersgroep se visie te deel.

Ons is opgewonde vir die jaar wat voorlê, die leiers van 2017 is ’n voorloopgroep, vol potensiaal en ’n passie om te dien. Leeuwenhof is bevoorreg met leerders soos ons graad 7 en hulle ouers.

PROSEDURE OM LEERDERS AF TE HAAL GEDURENDE SKOOLURE

Ouers moet asseblief by Margaret in die Ontvangs rapporteer om ‘n leerder af te haal. Indien iemand anders u kind kom afhaal, moet me Bothma vroegtydig in kennis gestel word van wie die persoon sal wees en hoe laat die leerder afgehaal gaan word. Baie dankie vir u almal se samewerking, dit word waardeer, u kind se veiligheid is baie belangrik vir ons.

OUERBESOEKE AAN SKOOL

Ons as personeel het groot waardering daarvoor wanneer ouers hul waardering en bekommernisse oor hul kinders in die skool met personeel bespreek. Ons het al baie gevind dat daar soms verkeerde persepsies reggestel word wanneer dit met ons as personeel bespreek word. Wees verseker daarvan dat ons deure altyd oop sal staan vir die ouers van ons pragtige skool.

SEKURITEITSPLAKKERS

Sekuriteitsplakkers vir motors is nou beskikbaar by me Bothma in die Ontvangs.

SKOOLURE: GRAAD 1 TOT 7

Om meer akademiese kontaktyd te hê met die leerders in die skool is die skoolure Maandag tot Donderdag met 5 minute langer gemaak. Op Vrydae is daar 20 min by die dag gevoeg.

Skoolure lyk dus as volg:

- Maandae tot Vrydae – 08:00 tot 13:50

BUITESKOOL PRESTASIES

- Ons gee graag erkenning aan leerders wat prestasies bereik in aktiwiteite wat nie deur die skool aangebied word nie.
  Ouers moet hierdie inligting aan die volgende personeel stuur vir plasing in die volgende week se nuusbrief:

  - ✓ Gr. 1 tot 3 prestasies word aan Yolande Kotze gestuur by yolande@leeuwenhof.co.za

- ✓ Gr. 4 tot 7 prestasies word aan Strijdom Erwee gestuur by strijdome@leeuwenhof.co.za

GRAAD	NAAM VAN LEERDER	PRESTASIE BEHAAL
4	Quan van der Merwe	• Quan het tydens die EGA Swemkampioenskappe 3 Goue medaljes, 2 Silwermedaljes en 1 Brons medalje n die U9 afdeling verwerf.

BELANGRIKE DATUMS

25 Januarie	Atletiek vs L/s President Steyn
26 Januarie	WIJ Kaskarvergadering vir ouers wat klasverteenwoordigers is
27 Januarie	Dissipline gesprek met leerders: Gr. 2 tot 7 Leieropleiding vir alle gr. 7 leiers
28 Januarie	Atletiek vs Cullinan gekombineerde skool
30 Januarie	Klokluiseremonie: Gr. 1 en nuwe leerders om 08:00 Gr. 1 inligtingsaand
31 Januarie	Gr. 2 tot 7 inligtingsaand
2 Februarie	Kaskarvergadering vir ouers wat klasverteenwoordigers is
4 Februarie	Atletiek vs Louw Geldenhuys
8 Februarie	Atletiek: Interlaer
9 Februarie	Kaskarvergadering vir ouers wat klasverteenwoordigers is
11 Februarie	Skaakmarathon: Gr. 1 tot 7
18 Februarie	Kaskardag

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za

Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr C Pretorius	clemens@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL